“opvul(ling)” die plasing van opvulmateriaal, soos natuurlike sand, slyk, grond of klip, wat beton, sement of ander afvalmateriaal kan insluit, op ‘n bepaalde plek om die grondvlak tot ‘n gewenste hoogte te lig;

"raad" die Stad Kaapstad;

“rivierkorridor” ‘n gemengdegebruik-korridor wat bestaan uit ‘n waterloop en/of verwante vleiland, die vloedvlakte, die ekologiese buffer en die gebied wat vir bepaalde estetiese, ontspannings- en/of sosio-ekonomiese behoeftes vereis word. Hierdie gebied moet in sy geheel geïntegreerd bestuur word ten einde oorstromings-, omgewings-, maatskaplike en ekonomiese kwessies te balanseer;

“stormwater” water uit natuurlike neerslag en/of die opgaring daarvan, wat grondwater en fonteinwater wat gewoonlik deur die stormwaterstelsel afgevoer word, sowel as seewater in ‘n riviermonding insluit, maar wat water in ‘n drink- of afvalwaterverspreidingsnetwerk uitsluit;

“stormwaterstelsel” sowel geboude as natuurlike fasiliteite, wat pype, duikslote en waterlope met hulle gepaardgaande vloedvlaktes insluit, hetsy oor of onder openbare of privaat grond, wat vir die bestuur, opgaar, vervoer, tydelike berging, beheer, monitering, behandeling, gebruik en wegvoer van stormwater gebruik of vereis word;

"struktuur" enige mensgemaakte kenmerk wat aan die grond of aan iets op die grond geheg is, wat insluit, maar nie beperk is nie tot omheinings, mure, berms, oewerwalle, opvulling, opgaartenks, skuilings of geboue;

“vleiland” grond wat tussen aard- en watersisteme geleë is, en waar die watertafel gewoonlik op of na aan die oppervlak is, of waar die grond van tyd tot tyd met vlak water bedek is, welke grond normaalweg plantegroei (sou) onderhou wat tipies in deurweekte grond gedy. Hierdie omskrywing sluit dus in, maar is nie noodwendig beperk nie tot watermassas soos mere, brak vleie, kusmere, riviermondinge, moerasse, kuile, poele, panne en kunsmatig opgedamde water;

“vleilandkartering” die bepaling en merk van die grens van ’n vleiland deur nasionaal aanvaarde riglyne/metodologieë te gebruik;

“vloedlyne” lyne op ‘n kaart of skets wat die watervlakke aandui wat ‘n vloed met ‘n bepaalde herhalingsinterval waarskynlik sal bereik;

“vloedvlakte” die grond wat aan ‘n waterloop grens en tot en met die honderdjaar-herhalingsinterval vir oorstroming vatbaar is;

“walbopunt” van ‘n waterloop, ‘n punt wat deur skuurlyne, plantegroeigrense, veranderinge in bedding- en walmateriaal, die teenwoordigheid van slykafsetting weens oorstroming, of skielike hellingveranderinge gekenmerk word;

“waterloop” ‘n rivier, stroom, kanaal, sloot, vlei, vleiland, dam of meer waarin of waarheen water gereeld of met tussenposes vloei. ‘n Verwysing na ‘n waterloop sluit waar van toepassing ook sy bedding en walle in; en

“watersensitiewe stedelike ontwerp” ‘n benadering wat dit ten doel stel om te verseker dat ontwikkeling in stedelike gebiede holisties beplan, ontwerp, gebou en in stand gehou word ten einde die negatiewe uitwerking op die natuurlike watersiklus te verminder en waterekosisteme te beskerm.

3 Inleiding

Waterlope en vleilande is ‘n integrerende deel van die stormwaterbestuurstelsel, maak ‘n belangrike onderdeel van die Stad se biodiversiteitsnetwerk uit, en verteenwoordig ‘n noodsaaklike element in die herstel van die Stad se stedelike weefsel deur die voorsiening van sowel ontspannings- as ekonomiese geleenthede.

Hierdie beleid ondersteun die Departement: Paaie en Stormwater se doelwitte wat in die Stad Kaapstad se geïntegreerde-ontwikkelingsplan opgeneem is, naamlik:

- Om die impak van oorstroming op die bestaan van gemeenskappe en streeksekonomieë te verminder

- Om mensegesondheid en natuurlike wateromgewings te beskerm, en ontspanningswatergehalte te verbeter en in stand te hou

Die bestuur van grondgebruik, ontwikkeling of aktiwiteit langs waterlope en vleilande is om die volgende redes belangrik:

- Dit is op lang termyn by verre meer kostedoeltreffend om in gebiede te ontwikkel waar die vloedgevaar ongereeld en die hewigheid van oorstromingsvoorvalle minimaal is, in vergelyking met terugwerkende vloedskadetempering wat gewoonlik uiters duur is en soms rampspoedige gevolge kan hê wanneer vloede die ontwerpvermoë van infrastruktuur oorskry.

- Klimaatsvoorspellings dui op al hoe meer wisseling in die intensiteit en krag van stormvoorvalle, saam met ‘n snelle styging in die seevlak. Hierdie onsekerhede hou groot uitdagings vir die bestuur van groot dreineerstelsels in.

- Oorskrydings lei tot ekologiese agteruitgang, verswak dikwels watergehalte, en verhaas die onherroeplike verlies aan ekologiese hulpbronne.

- Aangesien die wysiging van natuursisteme natuurlike water- en geomorfologiese prosesse kan ontwrig, is langtermyntoewyding nodig wat instandhouding betref. Daarom moet stedelike aktiwiteit op so ‘n manier bestuur word dat voldoende instandhoudingsaktiwiteite steeds onderneem kan word.

- Dit ondersteun ‘n plekgeheue, en werk ontspanningsgenot vir gemeenskappe in die hand.

Hierdie beleid beskryf ‘n merietegegronde benadering tot voorstelle vir grondgebruik, ontwikkeling of aktiwiteit naby waterlope en vleilande.

4 Wetgewende raamwerk en mandaat

Grondgebruik, ontwikkeling en verwante aktiwiteite wat deur hierdie beleid geraak word, word ingevolge onderstaande statute en beplanningsraamwerke hanteer.

4.1 Nasionaal

- Wet op Nasionale Bouregulasies & Boustandaarde, 1997 (Wet 103 van 1977)
- Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983)
- Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998)
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998)
- Rampbestuurwet (Wet 57 van 2002)
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004)
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede (Wet 57 van 2004)

4.2 Provinsiaal

- Wes-Kaapse Wet op Beplanning & Ontwikkeling (Wet 7 van 1999) (Dié wet sal van toepassing wees wanneer dit in werking tree.)
- Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Ordonnansie 15 van 1985)

4.3 Stad Kaapstad

- Geïntegreerde-ontwikkelingsplan (2007/8 tot 2011/12)

Onderstaande doelwitte van die Departement: Paaie en Stormwater is in die Stad Kaapstad se geïntegreerde-ontwikkelingsplan opgeneem:

- Verminder die uitwerking van oorstroming op die bestaan van gemeenskappe en streeksekonomieë

- Beskerm mensegesondheid en natuurlike wateromgewings, en verbeter en hou ontspanningswatergehalte in stand

- Verordening op Stormwaterbestuur (uitgevaardig in September 2005 – PK 6300), waarmee saam dié beleid gelees en geïnterpreteer moet word.

  Die Stad se Verordening op Stormwaterbestuur omskryf die stormwaterstelsel as "die opgerigte en natuurlike geriewe, waaronder pype, duikslote, waterlope en hulle meegaande vloedpleine, hetsy oor of onder grond in openbare of private besit, wat vir die bestuur, versameling, vervoer, tydelike berging, beheer, monitor, behandeling, gebruik en wegvoer van vloedwater gebruik of vereis word".

  Klousule 4 en 5 handel oor die beskerming van die stormwaterstelsel (wat natuurlike en geboude sisteme en die verwante vloedvlaktes insluit) en die voorkoming van vloedgevaar.

  Die raad kan dus ingevolge hierdie verordening ontwikkeling in gebiede langs waterlope en vleilande verbied of voorwaardelik toelaat.

Voorts is 'n aantal ander dokumente wat hetsy regstreeks of by implikasie na ontwikkelings- en gebiedsbestuur langs waterlope en vleilande verwys, oor die jare ontwikkel. 'n Paar van die belangrikste dokumente is:

- *"Greening the City: Open Sapce and Recreation Plan for Cape Town" (1982),* die Stad Kaapstad se plan vir die vergroening van oop en ontspanningsruimtes.
- Die Departement: Paaie en Stormwater se strategie oor opvangsgebied-, stormwater- en rivierbestuur (2002).
- *"Biodiversity Strategy" (2003)* and *"Biodiversity Report" (2008),* die Biodiversiteitstrategie en Biodiversiteitsverslag.
- *"Coastal Zone Strategy" (2003)* and *"Coastal Zone Management Review and State of the Coast Report Year 3" (2006), die* Kussonestrategie en die Kussonebestuursoorsig en verslag oor die stand van die kus jaar 3.
- *"CMOSS – An Open Space Strategy" (2005)*, CMOSS – 'n oopruimtestrategie.
- *"Planning for Future Cape Town" (2006)*, 'n beplanningsraming vir die Kaapstad van die toekoms.

5 Beleidsgronde

Binne die grense van die Kaapstad- metropolitaanse gebied is die druk om te ontwikkel groot, en dit verg dus omsigtige bestuur om ontwikkeling in gebiede met 'n hoë vloedgevaar te voorkom, die omgewingsintegriteit van waterhulpbronne te beskerm, en te verseker dat toegelate ontwikkeling die skoonheid en karakter van die aanliggende waterlope/vleilande versterk.

Om dít te bereik, is 'n nuwe benadering nodig waardeur ontwerp-, omgewings- en sosio-ekonomiese elemente as die visie vir 'n bepaalde waterloop-/vleilandsisteem beoordeel en geïntegreer word.

Hierdie beleid beveel ‘n merietegegronde benadering tot voorstelle binne en langs vloedgeteisterde gebiede en omgewingsbuffers aan. Voorts word sosio-ekonomiese oorwegings ook in ag geneem, en behoort enige toegelate ontwikkeling dus aandag te skenk aan die teenwoordigheid van die waterloop/vleiland, en daardeur die stedelike weefsel van die gebied holisties te versterk.

Hierdie beleid is belangrik vir die verwesenliking van die diensuitkomste soos in afdeling 3 hier bo uitgelig, naamlik om die impak van oorstroming op mense en eiendomme te verminder, en mensegesondheid en wateromgewings te beskerm en ontspanningswatergehalte te verbeter en in stand te hou.

6 Beleidstelling

‘Om volhoubare ontwikkeling en verwante aktiwiteite binne of langs natuurlike en geboude stormwaterstelsels te verseker, en voorts te verseker dat die moontlike vloedgevaar, omgewingsimpakte én sosio-ekonomiese behoeftes gebalanseerd oorweeg word, sal alle ontwikkelings in hierdie gebiede ooreenkomstig beste praktyk en die vereistes en voorwaardes in hierdie beleid neergelê, beplan en ontwerp word.’

Hierdie beleid ondersteun die diensuitkomste soos in afdeling 3 hier bo uiteengesit, en verseker voorts dat die administratiewe optrede met betrekking tot grondgebruikbeplanningsaansoeke wettig, redelik en prosessueel billik is.

7 Bestek en toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op grondgebruik-, ontwikkelings- of bou- of aktiwiteitsvoorstelle langs waterlope of vleilande. Die beginsels met betrekking tot vloedbestuur kan ook op ontwikkeling in die omgewing van formele stormwaterbestuurstelsels toegepas word.

8 Oogmerke

Die oogmerke van hierdie beleid is om ontwikkeling op ‘n manier te bestuur wat:

- blootstelling aan vloedgevaar beperk of verminder deur gevaarlike, onekonomiese of onwyse gebruik van vloedvlaktes te verhoed, en daardeur lewens, eiendom en gemeenskapinfrastruktuur te beskerm;
- die natuurlike vloeddravermoë van waterlope en vleilande beskerm;
- die intrinsieke waarde en die omgewingsgoedere en -dienste wat waterlope, vleilande en verwante oewergebiede en vloedvlaktes bied, te beskerm en te versterk;
- die voordelige integrasie van waterlope by die stedelike landskap in die hand werk deur ‘n esteties bevredigende openbare hulpbron te skep, wat uiteindelik die maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe langs waterlope en vleilande moontlik sal maak;
- ‘n doeltreffende besluitnemingsinstrument vir amptenare, ontwikkelaars en konsultante bied deur ‘n mate van voorspelbaarheid met betrekking tot ontwikkelingsaansoeke langs waterlope/rivierkorridors en vleilande te skep; en
- volhoubare ontwikkeling uit ‘n ontwerp-, omgewings- en sosio-ekonomiese perspektief ondersteun.

9 Beplannings-, veiligheids-, omgewings- en sosio-ekonomiese oorwegings

Grondgebruik, ontwikkeling of aktiwiteite naby waterlope en vleilande moet geskik wees vir die verwagte graad van vloedgevaar, terwyl dit ook die gepaardgaande omgewingsimpak beperk en ‘n plekgeheue en stedelike vorm behou. Die afdelings hieronder sit die beplannings-, veiligheids-, omgewings- en sosio-ekonomiese aspekte uiteen wat in die beoordeling van aansoeke oorweeg moet word, soos daar in afdeling 7 hierbo bedoel word.

9.1 Planne / sektorale planne

Toepaslike vereistes en aanbevelings in verskeie planne/verwante dokumente moet in ag geneem word. Die verskillende kategorieë planne wat, waar beskikbaar, geraadpleeg behoort te word, word hier onder gelys. Gesonde ontwerp- en omgewingsoordeel behoort in die afwesigheid van hierdie gidsplanne gebruik te word.

- Die Departement: Paaie en Stormwater se strategie oor opvangsgebied-, stormwater- en rivierbestuur 2002–2007
- Opvangsgebied- & rivierbestuursplan
- Stormwatermeesterplan

9.2 Vloedbestuur en openbare veiligheid

Waterlope en hulle verwante vloedvlaktes kan onder vloedomstandighede groot volumes water dra. Vir die doeleindes van hierdie riglynbeleid, word ‘n vloedvlakte omskryf as die area wat vatbaar is vir oorstroming tot en met die 100 jaar-vloed, soos in Figuur 1 hieronder aangedui.

Die hoëgevaarsone binne ’n vloedvlakte, gegrond op die ontleding van die verwagte vloei-eienskappe van die 100 jaar-vloed, word grafies in Figuur 2 hieronder aangedui. Die vermoë om deur die water te loop of voertuigtoegang te verkry, sowel as die stabiliteit van strukture soos wonings of grensmure word onder hierdie omstandighede as ernstig gekompromitteer beskou. Geen nuwe of bykomente regte of die uitoefening van bestaande ontwikkelingsregte sal toegestaan word vir eiendomme wat in die hoëgevaarsone geleë is nie.

Die toegelate omvang en aard van grondgebruik, ontwikkeling of aktiwiteite in vloedvlaktes moet in die belang van openbare veiligheid aan streng beoordeling en beheer onderwerp word. In die besonder word die versperring van vrye watervloei binne die 20 jaar-vloedlyngebied hoegenaamd nie toegelaat nie. Tussen die 50 jaar- en 100 jaar-vloedlyne kan die meeste ontwikkelings of aktiwiteite toegelaat word, onderhewig aan sodanige voorwaardes na gelang die Stad na eie goeddunke kan oplê, terwyl ontwikkelings met bepaalde ontruimings- of noodreaksiekwessies sowel as hoërisiko-ontwikkelings slegs bo die 100 jaar-vloedlyn toegelaat sal word (sien Tabel 1).

Enige voorgestelde ontwikkeling of herontwikkeling binne die vloedvlakte moet deur ’n verslag deur ’n geregistreerde ingenieur gesteun word om te verseker dat enige nuwe of bestaande struktuur die kragte en effekte van vloedwater kan weerstaan (sien vereiste R1 in Tabel 1). As bouplanne ten opsigte van voorgestelde geboue binne die vloedvlakte voorgelê word, en sodanige verslag nie voorheen voorgelê is nie, moet die laasgenoemde by die bouplanne ingesluit word.



Figuur 1: Skematiese voorstelling van vloedvlakte, met waterloop en belangrike vloedlyne daarop uitgebeeld.



Figuur 2: Vloedgevaarsones

9.2.1 Vloedlynvasstelling

Waar vloedlyne nog nie voorheen vir ‘n bepaalde plek vasgestel is nie, sal daar van die ontwikkelaar verwag word om op eie koste die dienste van ‘n toepaslik gekwalifiseerde en geregistreerde ingenieur te verkry om sodanige vasstelling te doen, en om ’n verslag daaroor in te dien tesame met sodanige aansoeke om goedkeuring van beplanning of bouplanne wat hy/sy by die Stad kan indien. Dít behoort te geskied voordat enige uitvoerige beplanning ‘n aanvang neem, en moet ooreenkomstig algemeen aanvaarde praktyk gebeur.

In die bepaling van die afloop in die opvangsgebied, moet die voorsienbare maksimum-ontwikkelingscenario vir die opvangsgebied in ag geneem word. Alle vloedlyne moet gegrond word op die teoretiese energievlak teenoor die vlak van die wateroppervlakte.

Toelaatbare grondgebruike/ontwikkeling/aktiwiteite en toepaslike voorwaardes in die vloedvlakte word in Tabel 1, “Raamwerk vir die beoordeling van voorstelle” (afdeling 10), aangedui. Afhangende van die soort aansoek, moet ‘n reeks vloedlyne soos hier onder aangedui, vasgestel word:

Vloedlyn (jaarlikse waarskynlikheid)	Motivering
2 jaar (50%)	Bepaal, indien vereis (sien tabel 1)
20 jaar (5 %)	Vereis vir parkering en ander aktiwiteite
50 jaar (2%)	Beheer ‘n aantal ontwikkelingsaktiwiteite
100 jaar (1%)	Beheer grondvlakke en hoërisiko-ontwikkelingsaktiwiteite

Let wel: ander wetgewing (bv. die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur) kan dalk bykomende vloedlynbepalings vereis, en bykomende beperkings kan dus van toepassing wees.

9.3 Ekologiese buffers

Waterlope en vleilande met hulle aanliggende oewergebiede en verwante diere- en plantelewe het ‘n ‘buffer’ teen die impak van aanliggende ontwikkeling of aktiwiteit nodig. Hierdie beskermde sones/inspringings, wat dikwels ekologiese buffers genoem word, verteenwoordig ononderbroke korridors en habitat vir plante en diere. Buffers hou ook ander voordele in, soos watergehalteverbetering by punt- of verspreide besoedelingsbronne, stroombank- en erosiebeskerming teen die hidrologiese effek wat met geharde opvangsgebiede in stedelike omgewings gepaardgaan, en ruimte vir die inwerkingstelling van toepaslike watersensitiewe-stedelikeontwerpelemente. Voorts kan buffergebiede ook sosio-ekonomiese voordele in die vorm van openbare oop ruimtes, geleenthede vir ontspanning en omgewingsopvoeding/-bewusmaking, en die verhoging van waterlope se visuele en eiendomswaardes inhou. In gevalle waar waterlope gekanaliseer is, word buffers steeds vereis om instandhouding moontlik te maak en om, in sommige gevalle, voldoende ruimte vir moontlike toekomstige herstelaktiwiteite te laat.

Die vasstelling van ekologiese-bufferbreedtes berus op die klassifikasie van die waterloop of vleiland ingevolge ‘n erkende nasionale klassifikasiestelsel, gevolg deur ‘n beoordeling van die ekologiese toestand en belang van die sisteem (deur van nasionaal erkende metodes gebruik te maak). Waterlope en vleilande in ‘n goeie ekologiese toestand en van groot belang vereis ‘n breër buffer as dié wat aan beduidende wysigings blootgestel is. Vir waterlope word bufferbreedtes ook op grond van die breedte van die aktiewe kanaal aangepas. Die buffer word van die waterloop se walbopunt, of die buiterand van die vleiland gemeet (wat ooreenkomstig nasionaal aanvaarde riglyne/metodologieë gekarteer moet wees, bv. “DWAF” 1999 en 2005. Hierdie punte en rande is vir verskeie van die belangrike waterlope en sekere vleilandgebiede in die metropolitaanse gebied vasgestel, en wissel in breedte tussen 10 m en 40 m vir waterlope, en tot en met 75 m vir vleilande. ‘n Minimum buffer van 10 m word vir betonkanale vereis. Buffers kan ook aangepas word om voorsiening te maak vir gevalle waar vleiland en ‘n waterloop in tandem is, soos skematies in Figuur 3 aangedui.

Waar ekologiese buffers nog nie voorheen vir ‘n bepaalde waterloop of vleiland vasgestel is nie, kan òf die Stad ’n bufferbreedte deur middel van ekstrapolering bepaal as berekende bufferbreedtes vir soortgelyke situasies elders beskikbaar is, òf daar sal van die ontwikkelaar verwag word om op eie koste die dienste van ‘n toepaslik gekwalifiseerde varswater-ekoloog te verkry om bufferbreedtes ingevolge raadsriglyne of goedgekeurde beste praktyk aan te beveel, en om ’n verslag daaroor in te dien tesame met sodanige aansoeke om goedkeuring van beplanning of bouplanne wat hy/sy by die Stad kan indien. Dít moet geskied voordat enige uitvoerige beplanning ‘n aanvang neem.

Terrein-/gevalspesifieke aanpassing van die aanbevole minimum bufferbreedte kan nodig wees om vir uitsonderlike omstandighede voorsiening te maak, soos die teenwoordigheid van sensitiewe habitat; diere- of plantelewe wat breër buffers vir voldoende beskerming vereis; die intensiteit van aanliggende grondgebruik, en die aard van die verwagte impak daarvan; en die fisiko-chemiese en/of botaniese kenmerke van die buffergebied wat die doeltreffendheid van die buffer teen ‘n bepaalde impak kan beïnvloed.

Toelaatbare grondgebruike/ontwikkeling/aktiwiteite en toepaslike voorwaardes in die ekologiese buffer word in Tabel 1, “Raamwerk vir die beoordeling van voorstelle” (afdeling 10) aangedui.



Figuur 3: Skematiese voorstelling van ekologiese buffers

9.4 Geomorfologiese prosesse

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die beddings van baie waterlope, veral op die Kaapse Vlakte, dinamies is en geneig is tot erosie, afsetting en kronkeling. Waar die vereiste ekologiese-bufferbreedte en/of vloedvlakte-inspringing as ontoereikend vir hierdie natuurlike prosesse beskou word, kan bykomende terreinspesifieke studies en inspringingsbreedte dalk na goeddunke van die Stad vereis word voordat beplanning en bouplanne goedgekeur word. In so ‘n geval sal daar van die ontwikkelaar vereis word om op eie koste die dienste van ‘n toepaslik gekwalifiseerde geomorfoloog te verkry om inspringingsbreedtes te bepaal en op versoek ’n verslag daaroor voor te lê.

9.5 Sosio-ekonomiese oorwegings

Waterlope en vleilande is openbare hulpbronne met die merkwaardige potensiaal om plaaslike ekonomieë te stimuleer en om politieke, maatskaplike en ekonomiese versperrings uit die weg te ruim indien dit met dié doel voor oë bestuur en gebruik word. Die beoordeling van ontwikkelings langs waterlope en vleilande moet dus hierdie potensiaal in ag neem en ontwikkelings ondersteun wat hierdie sisteme daadwerklik by die stedelike weefsel van die gebied insluit.

Sonder om afbreuk te doen aan die algemene aard van dit wat in dié klousule gemeld word, moet die volgende spesifieke kwessies oorweeg word:

- Watersensitiewe-stedelikeontwerpbeginsels
- Uitleg/struktuur en aard van aanliggende ontwikkeling en/of verwante aktiwiteite
- Uitsig oor waterloop/vleiland vanaf aanliggende ontwikkeling
- Areas met passiewe en aktiewe oop ruimte
- Areas met wandelpaaie, fietspaaie, piekniekfasiliteite
- Estetiese verbetering van verswakte sisteme met toepaslike inheemse terreinverfraaiing
- Openbare toegang
- Veiligheid en sekuriteit
- Ekonomiese opheffing
- Omgewingsopvoeding en –bewusmaking
- Omgewingstandaarde en beste praktyk

Sosio-ekonomiese oorwegings soos dié wat gelys is, kan deur die Stad na eie goeddunke in aanmerking geneem word wanneer aansoeke om goedkeuring van beplanning en bouplanne geëvalueer word.

9.6 Rivierkorridor

Die rivierkorridor bestaan uit die waterloop en/of verwante vleiland (waar van toepassing), die vloedvlakte, die ekologiese buffer en die gebied wat vir bepaalde estetiese, ontspannings- en/of sosio-ekonomiese behoeftes benodig word. Hierdie gebied moet in sy geheel geïntegreerd bestuur word ten einde vloed-, omgewings-, maatskaplike en ekonomiese kwessies te balanseer (soos in die voorafgaande afdelings 9.2 tot 9.5 uiteengesit is). Die Stad streef daarna om rivierkorridorplanne vir alle rivierkorridorgebiede binne sy regsgebied te ontwikkel ten einde uiteindelik aan hierdie holistiese visie uitvoering te gee.

Afhangende van die huidige of toekomstige instandhoudingstrategie vir die waterloop/vleiland, moet tot en met 10 m (gemeet van bo-op die oewer of die buitenste rand van die vleigebied), waar vereis, vir instandhoudingstoegang toegelaat word.

10 Beoordeling van voorstelle en aansoeke

Hierdie beleid beveel ‘n merietegegronde benadering tot die beoordeling van voorstelle en aansoeke met betrekking tot eiendomme naby waterlope en vleilande aan. Enige nuwe grondgebruik, ontwikkeling of aktiwiteit moet egter met die verwagte vloedgevaar- en geomorfologiese-prosesvereistes strook en aan die ekologiese-buffer- en sosio-ekonomiese vereistes voldoen, terwyl voldoende toegang vir instandhouding ook, waar vereis, toegelaat moet word. Tabel 1 sit aanvaarbare grondgebruike vir die verskillende vloedvlaktesones en -buffers uiteen, sowel as bepaalde vereistes in gevalle waar voorwaardelike goedkeuring oorweeg word.

Voorgestelde grondgebruike/ontwikkeling/aktiwiteite/geboue moet verder inspring as die *grootste* van hetsy die toepaslike vloedvlakte-, geomorfologiese of ekologiese-buffervereiste.

Tipiese voorstelle wat kommentaar en goedkeuring verg, kan in drie breë kategorieë, soos in onderstaande afdelings beskryf, verdeel word.

10.1 Soneringskemas, struktuurpanne en verwante beleid

Slegs grondgebruike wat as geskik vir die toepaslike vloedvlakte en ekologiese buffer beskou word (sien Tabel 1) kan oorweeg word. Voorts moet geomorfologiese, instandhoudings- sowel as maatskaplike en ekonomiese aspekte in ag geneem word.

10.2 Grondgebruikbeplanningsaansoeke

10.2.1 Nuwe ontwikkelingsregte

Ontwikkeling of aktiwiteite in hierdie kategorie vereis tipies bykomende en/of gewysigde grondgebruikregte om voort te gaan, byvoorbeeld

- hersonering;
- onderverdeling;
- grondgebruikafwykings;
- toestemmingsgebruik; en
- wysiging van planne of goedkeuringsvoorwaardes.

Slegs grondgebruike wat as geskik vir die toepaslike vloedvlakte en ekologiese buffer beskou word (sien Tabel 1) kan oorweeg word. Voorts moet geomorfologiese, instandhoudings- sowel as maatskaplike en ekonomiese aspekte in ag geneem word.

10.2.2 Nuwe ontwikkelingsregte op bestaande gebouvoetspoor

Waar geen toename in die bestaande gebouvoetspoor of -gebruik voorgestel word nie, soos in die geval van die herontwikkeling van ‘n bestaande gebou, kan afwyking oorweeg word waar die ontwikkeling of aktiwiteit buite die hoëgevaarsone geleë is, onderworpe aan voldoening aan die volgende:

- Voldoening aan vereistes R1 en R2 in Tabel 1.
- Inwerkingstelling van toepaslike vloedbeskermings- en -temperingswerk, wat insluit, maar nie beperk is nie tot die waterdigting van geboue, kompenserende grondwerk, en vloedontruimingsplanne, na gelang van omstandighede. Die ontwikkelaar moet voldoende voorsiening vir toekomstige instandhoudings- of bedryfswerk maak.
- Die registrasie van ‘n notariële beperkingsakte teen vervreemding, wat bepaal dat die geregistreerde eienaar nie daarop geregtig sal wees om sy/haar eiendom sonder die Stad se toestemming te verkoop nie. Sodanige toestemming sal weerhou word tot tyd en wyl die nuwe eienaar/koper ‘n vrywaring onderteken volgens bepalings en voorwaardes wat vir die Stad aanvaarbaar is. Die uitreiking van ’n klaringsertifikaat ingevolge artikel 118(1) van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, geld nie as toestemming vir bogenoemde doel nie.
- Endossering van alle bouplanne ten effekte dat die eienaar bewus is van die gevolge van ontwikkeling in ‘n vloedvlakte, en vloedlyne moet op alle toepaslike bouplanne aangedui word.

10.3 Bouplanaansoeke (uitoefening van bestaande ontwikkelingsregte)

Oorweging van struktuurbouplanne wat ingevolge bestaande ontwikkelingsregte ingedien word, geskied voorwaardelik op grond van die volgende:

- Ligging van geboue op die hoërliggende gedeeltes van die eiendom, met vloere bo die 100 jaar-vloedvlak, waar prakties moontlik, die vloedwaterdigting van geboue en vloedontruimingsplanne waar nodig.
- Geen geboue word binne die hoëgevaarsone toegelaat nie.
- Beperking van alle bou-/ontwikkelingsaktiwiteit binne die ekologiese buffer.
- Oorweging van maatreëls om, waar toepaslik, potensiële instandhoudingsimpak te temper.
- Die registrasie van ‘n notariële beperkingsakte teen vervreemding, wat bepaal dat die geregistreerde eienaar nie daarop geregtig sal wees om sy/haar eiendom sonder die Stad se toestemming te verkoop nie. Sodanige toestemming sal weerhou word tot tyd en wyl die nuwe eienaar/koper ‘n vrywaring onderteken volgens bepalings en voorwaardes wat vir die Stad aanvaarbaar is. Die uitreiking van ’n klaringsertifikaat ingevolge artikel 118(1) van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, geld nie as toestemming vir bogenoemde doel nie.
- Endossering van alle bouplanne ten effekte dat die eienaar bewus is van die gevolge van ontwikkeling in ‘n vloedvlakte, en vloedlyne moet op alle toepaslike bouplanne aangedui word.

10.4 Ontwikkelingsuitlegte

In die voorbereiding van ontwikkelingsuitlegte, behoort die verskillende kwessies in die vorige afdelings (10.2 en 10.3), sowel as die raad se beplannings- en ontwerpriglyne vir stormwaterbestuur by nuwe ontwikkelings in ag geneem te word. Waar toepaslik, moet die ontwikkelaar op eie koste ‘n serwituut, wat die vloedvlakte en/of ekologiese buffer teen wysiging of versperring by voltooiing van die ontwikkeling beskerm, ten gunste van die raad registreer. Waar instandhoudingstoegang vereis word, behoort dit by die voorwaardes van die serwituut ingesluit te word.

Geboue moet bo die toepaslike vloedvlak of buffersone of op die hoogste gedeeltes van die eiendom geleë wees, as die perseel in sy geheel binne die toepaslike vloedlyn geleë is, en moet uitkyk of ‘n uitsig bied oor die waterloop of vleiland om voldoende visuele waarneming en integrasie van die sisteem by die weefsel van die ontwikkeling en die Stad in sy geheel te verseker. Grensomheining onder die 50 jaar-vloedlyn moet visueel deurdringbaar wees van grondvlak, en mag nie die vrye vloei van water en beweging van waterfauna negatief beïnvloed nie (byvoorbeeld ‘n spitspaalheining).

10.5 Tabel 1: Raamwerk vir die beoordeling van voorstelle

Arseringsleutel	
Kleurkode	**Beskrywing**
Ongearseer	Toegelaat
	Voorwaardelik toegelaat
	Nie toegelaat nie

Bykomende-vereistesleutel	
Kode	**Vereiste**
R1	Die ontwikkelaar moet die dienste van 'n geregistreerde ingenieur verkry om tot almal se bevrediging te toon en te sertifiseer dat ▪ die aktiwiteit/ontwikkeling nie die vloedgevaar vir ander eiendomseienaars beduidend verhoog of vloedgedrag of die stabiliteit van rivierkanale negatief raak nie; en ▪ enige struktuur die kragte en uitwerking van 'n stroom vloedwater kan weerstaan, wat wrywing teen fondasies, puinkragte en hefvermoë insluit.
R2	Vloere bo 1:100 jaar-vloedvlak. Kelders (vir nie-bewoonbare doeleindes) moet tot by die 1:50 jaar-vloedvlak waterdig gemaak word.
R3	Vloere bo 1:50 jaar-vloedvlak.
R4	Die ontwikkelaar moet die dienste van 'n geregistreerde omgewingskundige (waterekoloog) verkry om die ekologiese buffer te bepaal (as dit nie beskikbaar is nie) en om tot almal se bevrediging te toon en te sertifiseer dat: • die aktiwiteit/ontwikkeling nie 'n negatiewe impak op die huidige toestand van die waterloop of vleiland sal hê nie; OF • die aktiwiteit/ontwikkeling die huidige toestand van die waterloop of vleiland sal verbeter.

Die grondgebruik/ontwikkeling/aktiwiteit moet verder inspring as die *grootste* van hetsy die toepaslike vloedvlaktesone-, geomorfologiese of ekologiese-buffervereistes

Grondgebruik/ontwikkeling/aktiwiteit		**Vereistes en voorwaardes**							
		Vloedvlaktesone (vloedherhalingsinterval in jaar)						**Ekologiese buffer (breedte in meter)**	
Kategorie	**Tipiese voorbeelde**	**<2**	**2–20**	**20–50**	**50-100**	**>100 (Nota 1)**	***Verduidelikende notas***	**Tot 75 m (Nota 2, 3)**	***Verduidelikende notas***
Nywerheids-ontwikkeling	Lig, algemeen, hoë risiko								
	Ekstraktief (mynwese)		R1	R1	R1				
Sake-ontwikkeling	Algemeen				R2				
	Kommersieel (sentrale sakekern)								
	Diensstasies								
Residensiële ontwikkeling	Formeel				R2				
	Informeel								
Gemeenskaps- en openbare fasiliteite	Hospitale, klinieke, verpleeginrigtings, ouetehuise								

Grondgebruik/ontwikkeling/aktiwiteit		Vereistes en voorwaardes							
		Vloedvlaktesone (vloedherhalingsinterval in jaar)						Ekologiese buffer (breedte in meter)	
Kategorie	**Tipiese voorbeelde**	**<2**	**2–20**	**20–50**	**50-100**	**>100 (Nota 1)**	***Verduidelikende notas***	**Tot 75 m (Nota 2, 3)**	***Verduidelikende notas***
	Tronke, militêre basisse, polisiestasies, brandweerstasies								
	Begraafplase								
	Opvoedkundige fasiliteite								
	Openbare sale, plekke van aanbidding								
Nuts-/infrastruktuur-dienste (wat privaat insluit)	Stormwaterbestuurs-fasiliteite	R1	R1					R4	
	Ondergrondse rioolpype, dienste						Mangatdekselvlakke bo 1:50 jaar-vloedvlak. Struktuur moet toepaslik beskerm en by omgewing geïntegreer word.		
	Rioolwatersuiwering op die terrein (byvoorbeeld ‘n verteerput)								
	Water- en afvalwateraanlegte, pompstasies								
	Wegdoeningsterreine vir vaste afval								
	Kragopwekking, elektrisiteitsubstasies								
	Telekommunikasie-sentrales & -senders								
Omgewing, oop ruimte en ontspanning	Natuurreservate & -bewaringsgebiede						Alle strukture/grondwerk onderworpe aan voorwaardelike goedkeuring.		Alle strukture/grondwerk onderworpe aan voorwaardelike goedkeuring.
	Sportvelde, gholfbane, piekniekplekke		R1	R3			Alle lubgeboue en soortgelyke strukture moet bo die 50 jaar-vloedlyn wees	R4	
	Openbare en privaat oop ruimte						Alle strukture/grondwerk onderworpe aan voorwaardelike goedkeuring.		Alle strukture/grondwerk onderworpe aan voorwaardelike goedkeuring.

Grondgebruik/ontwikkeling/aktiwiteit		Vereistes en voorwaardes							
		Vloedvlaktesone (vloedherhalingsinterval in jaar)						Ekologiese buffer (breedte in meter)	
Kategorie	**Tipiese voorbeelde**	**<2**	**2–20**	**20–50**	**50-100**	**>100 (Nota 1)**	***Verduidelikende notas***	**Tot 75 m (Nota 2, 3)**	***Verduidelikende notas***
Landbou	Grondbewerking, vrywei-veeteelt		R1	R1			Onderworpe aan regulasies van Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (“CARA”)		
	Landbouverwerking/-nywerheid				R1, R2				
	Voerkampe, varkboerdery en batteryboerery			R1	R1		Onderworpe aan regulasies van Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (“CARA”)		
Oorde	Hotelle, vakansie-oorde en strandhuise				R2				
	Karavaan- en kampeerterreine		R1	R3			Alle ablusiefasiliteite moet bo die 20 jaar-vloedlyn geleë wees	R4	
Vervoerstelsels	Paaie en spoorweë bo natuurlike grondvlak		R1	R1	R1				
	Modale wisselaars, busdepots, spoorwegstasies								
	Parkeerterreine			R1					
Walbe-skermingswerk, stroomomlei-dingstrukture en grondwerk	Keermure, rigmure, oewerwalle	R1	R1	R1					
	Damme, keerwalle, brûe	R1	R1	R1	R1	R1	Dambreekontleding waar vereis ingevolge Nasionale Waterwet	R4	
	Opvulling				R1	R1	In uitsonderlike omstandighede kan geringe ‘afvlakking’ van die 50 jaar/100 jaar-vloedlyn oorweeg word, mits gelykstaande kompensasiestadium-bergingsvolume binne die ontwikkelingsgebied voorsien word.		

Nota 1: Die uitwerking van die 100 jaar-stormvoorval op alle ontwikkelings en infrastruktuur, wat aanliggende kenmerke én kenmerke laer af insluit, moet beoordeel word om aan bostaande vereistes te voldoen.
Nota 2: Waterlope: 10 tot 40 m; vleiland: tot en met 75 m.
Nota 3: Voorwaardelike goedkeuring kan vir sekere lae-impak maatskaplike behoeftes/aktiwiteite, toepaslike terreinverfraaiingg, inheemse aanplanting, voetpaaie, ensovoorts toegestaan word.

11 Inwerkingtreding en -stelling

11.1 Datum van inwerkingtreding

Tensy anders aangedui, sal die datum van inwerkingtreding vir hierdie beleid die datum wees waarop die raad die beleid aanvaar.

11.2 Bestaande beleid/riglyne herroep

Onderstaande bestaande beleid/riglyne word hiermee herroep:

Titel	Datum van inwerkingtreding	Resolusie
Riglyne vir vloedvlaktebestuur, weergawe 1.0	September 2003	MC37/11/03

12 Algemeen

12.1 Statutêre permitte en goedkeurings

Sekere ontwikkelings of aktiwiteite kan onderworpe wees aan goedkeuring deur provinsiale en nasionale staatsdepartemente ingevolge nasionale wetgewing.

Voorbeelde sluit in, maar is nie beperk daartoe beperk nie

- Die berging van water
- Die belemmering of omleiding van watervloei in ‘n waterloop
- Wysiging van die bedding, walle, loop of kenmerke van ‘n waterloop
- Watergebruik vir ontspanningsdoeleindes
- Onttrekking
- Grondherwinning
- Landboubewerking naby waterlope

12.2 Vrywaring

Die graad van vloed- en/of omgewingsbeskerming wat deur hierdie beleid aanbeveel word, word as redelik vir reguleringsdoeleindes beskou en is op ingenieurs- en wetenskaplike studiemetodes gegrond. Blote nakoming van die bepalings van die beleid kan egter nie volkome beskerming teen oorstroming verseker nie, veral nie teen hoë-ordevoorvalle of ‘n verminderde omgewingsimpak nie, en die beleid behoort daarom op geen manier as ’n waarborg beskou te word nie.

Nóg die Stad Kaapstad nóg enige Stad-amptenaar sal vir enige skade wat uit die toepassing of navolging van hierdie beleid kan spruit, aanspreeklik wees.

12.3 Kopiereg

12.4 Verwysings

Flood Risk Reduction Measures, Alexander WJR, Departement Siviele Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria. April 2000.

Development Control Guidelines in Floodprone Areas (voorberei vir die voormalige Kaapse metropolitaanse raad), VKE Raadgewende Ingenieurs (Edms.) Bpk. in samewerking met Barker en Louw Stads- en Streeksbeplanners, dr. J. Neethling (omgewingspesialis), prof. A. Rooseboom (hidroulika- en hidrologiespesialis), Du Plessis en Hofmeyer Prokureurs, en dr. C. Brown (varswaterekoloog). Junie 2000.

National wetland inventory – development of a wetland classification system for South Africa. Verslag van die Waternavorsingskommissie: KV 174/06. Ewart-Smith, J.L., Ollis, D.J., Day, J.A. en Malan, H.L. 2006.

River and vlei assessment and monitoring in the CMA – revisiting and refining the river importance and sensitivity maps. Southern Waters. 2002.

Resource Directed Measures for Protection of Water Resources: Wetland Ecosystems. Bylaag W6: *Guidelines for the delineation of wetland boundary and wetland zones.* Redakteur: H. Mackay. Departement van Waterwese en Bosbou. 1999.